Verwysing: 20210621-3860
Lêerno.: 12/2/8/13
Navrae: L Momberg

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0004/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs vir Ekonomie, Rekeningkunde, Wiskunde en Lewensoriëntering, asook Prinsipale van skole wat graad 10 tot 12 aanbied

Onderwerp: Die Finansiële Sektor Gedragsowerheid (FSCA) se 2021 interprovinsiale toespraak kompetisie vir Finansiële Geletterdheid

1. Die Finansiële Sektor Gedragsowerheid (FSCA), in samewerking met die Wes-Kaap Onderwysdepartement, nooi skole uit om aan die 2021 interprovinsiale toespraak kompetisie vir Finansiële Geletterdheid deel te neem.

2. Die volgende toelatingsvereistes is van toepassing op die FSCA se interprovinsiale toespraak kompetisie vir Finansiële Geletterdheid:

   - Graad 11-leerders wat Besigheids-, Handels- en Bestuursvakke soos Besigheidstudies, Ekonomie en Rekeningkunde neem.
   - Leerders moet hul toespraak in Engels aanbied.
   - Deelnemers moet van kwintiel 1, 2 en 3 skole wees.
   - Alle deelnemers moet 'n toegewysde onderwyser hê om die leerder/s gedurende die kompetisie af te rig.
   - Deelname is onderhewig aan toestemming van die prinsipaal van die skool asook die leerder/s se ouers of wettige voog/de.

3. Leerders wat aan hierdie kompetisie deelneem, moet deeglik navorsing doen oor een van die drie finansiële geletterheidsonderwerpe wat in die *FSCA Speech Competition Framework* (**Bylae A**) uiteengesit is, en 'n vyf minute toespraak daaroor lewer. Leerders gaan dieselfde nagevorsde toespraak tydens elke kompetisie ronde aanbied.

4. Daar word van deelnemers verwag om die toestemmingsvorms vir foto's en video's te onderteken sodat hul foto's en name vir bemarkings- en verslagdoeningsdoeleindes aangeteken kan word.

5. Hierdie kompetisie word in vier rondes aangebied met sperdatums vir elke ronde, d.w.s.:
   - Ronde 1– Skool se uitdun rondes, teen 13 Augustus 2021 voltooi wees
   - Ronde 2– Distrik se uitdun rondes, teen 03 September 2021 voltooi wees
   - Ronde 3 – Provinsiale ronde, teen 23 September 2021 voltooi wees
   - Ronde 4 – Nasionale finale kompetisie, op 15 Oktober 2021

   Vir meer besonderhede kan **Bylae A** (Bladsy 4 & 7) geraadpleeg word.

6. Pryse

	Ronde	Pryse
1	**Skool se uitdunrondes**	● Alle deelnemers ontvang 'n digitale sertifikaat vir deelname. ● Aansporingspryse (data en geskenkbewyse).
2	**Distrik se uitdunrondes**	● Individuele sertifikate vir die deelnemers. ● Medaljes vir die top drie leerders. ● Alle wenners ontvang 'n tablet met internetverbinding.
3	**Provinsiale ronde**	● Individuele sertifikate vir die deelnemers. ● Wenner: Prys ter waarde van R30 000. ● Eerste naaswenner: Prys ter waarde van R15 000. ● Tweede naaswenner: Prys ter waarde van R7 500.
		Die skole van die top drie leerders: • Wenner: Prys ter waarde van R30 000. • Eerste naaswenner: Prys ter waarde van R15 000. • Tweede naaswenner: Prys ter waarde van R7 500.
4	**Nasionale ronde**	● Individuele sertifikate vir die deelnemers. ● Top drie leerders: - Wenner: Prys ter waarde van R30 000. - Eerste naaswenner: Prys ter waarde van R15 000. - Tweede naaswenner: Prys ter waarde van R7 500. - Trofeë: - Volledige beurse vir 'n driejaarkwalifikasie aan 'n openbare universiteit.

- Die pryse vir die top drie provinsiale en nasionale wenners is beleggingspryse en kontant word nie uitbetaal nie. Die Finansiële Beplanningsinstituut van Suider-Afrika (FPI) sal advies oor beleggings en finansiële beplanning word deur die verskaf.
- Een onderwyser van elk van die top drie provinsiale finaliste sal elkeen 'n individuele sertifikaat vir deelname en 'n geskenkbewys van R1 000 ontvang.

Vir verdere inligting oor die pryse, verwys na **Bylae A** (Bladsy 9 tot 10).

7. Onderwerpe vir die toespraakkompetisie, met beskrywings en doelstellings van die onderwerp, word in **Bylae A** (Bladsy 11) uiteengesit. Die onderwerpe is:

   - *In for a penny, in for a pound: taking care of the Rands and Cents!*
   - *Setting our financial GPS: life-long journey with money.*
   - *Choices: growing my business or someone else's?*

8. Die rubriek wat in **Bylae A** (Bladsy 12 tot 15) ingesluit is, sal as 'n beoordelingsriglyn dien en moet tydens die voorbereidingsproses vir die toespraak en aanbieding in aanmerking geneem word.

9. Navrae oor die toespraak kompetisie moet aan die distriksvakadviseurs vir Rekeningkunde, Besigheidstudies of Ekonomie gerig word.

10. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 11-onderwysers en -leerders wat Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie onderrig en neem, te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-06-25